



## Die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging (SASV)

**Bulletin 10A**

2015/1

### Sierduifrasse in Suid Afrika

Waaierstert



Die Waaierstert se lyf is klein en rond soos 'n bal van alle aansigte, met 'n grasieuse kurwe van die bors na die pote. Die rug vertoon effens hol in die middel en die lengte van die rug is in verhouding tot die lengte van die nek sodat die kop teen die basis van die stertkussing rus. Die stert is konkaf en sirkelvormig, dig gepak met egalig gespasieerde vere wat mekaar oorvleuel. Die bene is redelik kort en wyd van mekaar vorentoe geplaas om aan te sluit met die kurwe van die bors en die lyf.

Indiese Waaierstert




Die Indiese Waaierstert is 'n medium grootte duif waarvan die lyf horisontaal gedra word. Die kop en die nek moet so gedra word dat die oog reg bokant die tone is. Die pieringvormige stert moet groot, vol, rond en regop gehou word. Die stert het 'n dubbele ry stertvere en dit moet ongeveer 50mm bo die kop uitsteek. Die onderkant van die kuif moet in 'n direkte lyn met die oog en die bekplasing wees. Daar behoort 'n spatie van 38mm tussen die stert en die kop te wees. Die vere aan die pote moet ongeveer 50mm lank wees.

Jakobyn




Die Jakobyn se lyf is lank en slank wat geleidelik afspits na die stert, met 'n effense hol rug. Die nek is van goeie lengte, die vlerke is lank en rus op die stert en die bene is middelmatig in lengte. Die kap is lank en leun vorentoe, dit is dig en egalig en pas byna styf teen die kop. Die maan is lank, glad en dig van kant tot kant en strek solied opwaarts en agtertoe met 'n egalige kurwe waar dit die kap so hoog as moontlik bokant die kop ontmoet om deel te vorm van die kroonvere. Die houding van die duif is regop en pronkerig.

Kapuzyn




Die kop moet hoog op die nek gedra word met die nek wat opwaarts strek. Die nek moet horisontaal gedra word. Vanaf die sy-aansig moet die nek en liggaam 'n L-vorm hê. Die lyf is wigvormig met 'n bors wat wyd en vol is tussen die skouers. Die kap moet breed en goed gerond wees, so hoog as moontlik op die agterkant van die kop geplaas wees, van oor tot oor loop en saamsmelt met die hals. Van die kant gesien, moet die oog gesien word. Die hals loop in 'n ononderbroke en ewewydige lyn vanaf die kap tot by die skouers.

Non




Die Non is kort, kompak en goed gebalanseer, middelmatige grootte, lewendig en regop van houding met 'n vol, mooi ronde prominente bors. Die bene is kort met klein voete. Die mannetjies is 240mm hoog vanaf die boskedel en is 280mm lank. Die voorkop is vol en ontspring bultend bokant die bek. Die bek is kort, stewig en reguit. Die kappie is so hoog, wyd en dik as moontlik en strek simmetries oor die kop. Die kop, borslap, stert en 10 penvere weerskante is gekleur, die res van die lyf is spierwit.

Birmingham Roller



Die Birmingham Roller is van medium grootte, grasieus, ewewigtige kort duif. Die borsbeen loop ver na agter sodat dit voel of die borsbeen 'n integrale deel met die ysbene vorm. Die lengte van die Roller is 210mm vir mannetjies en 200mm vir die wyfies. Die hoofslagvere sowel as die byslagvere moet stewig, veerkragtige kerns hê en moet mekaar ver oorvleuel, sodat daar 'n sterk weerstand is wanneer die vlerk oopgesprei word. Omdat die Roller geteel word om te rol, moet die vlerk spiere goed ontwikkel wees.


Kapuzyn




Jakobyn

Vooransig


Agteraansig




Non - Bo aansig



Indiese Waaiertert - vooransig



Waaiertert - voorsaanisig



[www.safpa.za.org](http://www.safpa.za.org)

**Waaiertert Klub**

President: Nico van der Westhuizen  
083 4694963  
nico-vdw@mweb.co.za  
Sekretaris: Willie van Rensburg  
082 7878701  
williejvr@live.com

**SA Skaarsras Klub**

President: Chris van der Walt  
082 3786447  
plakkers@wol.co.za  
Sekretaris: At van Jaarsveld  
072 3681214  
atvanjaarsveld@gmail.com